

## Kaalvoet Soldate

Marli Viljoen

Die koor van meganiese stemme kom tot 'n stilstand en my hart klop al hoe vinniger. Die oorblywende puin, gemaak van onstabiele fondasies, fladder deur die lug. Al wat ons beskerm is 'n lendelam sloot in die Afgaanse niemandsland.

Tucker loer elke nou en dan net bo die sloot. Die adrenalien vreet aan hom. Hy luister nooit na bevele nie. Met risiko, lig hy sy wapen en bekyk die situasie. Hy beweeg verder weg toe tref dit hom.

Een. Na. Die. Ander.

Tucker se lyf val terug en die reën van geweeskote sak op ons neer. Skok dreun deur my lyf. Ek gryp 'n deel van Tucker se been trek hom nader terwyl histerie weereens uitbreek. Bloed stroom by sy keel, kop en maag uit. Alle kennis wat ek oor skietwonde het verlaat my gedagtes. Iemand help my en ons probeer alles terwyl sy lugpype tussen die skarlakenrooivloeistof sukkel om by te bly.

“Tucker...Tucker asseblief...” My pleidooie verdwyn soos damp in die lug. Die minute vlieg verby en hy kom nie by nie. Lewe tap by hom uit. My hande lig sy kop, maar dit is net 'n gewig wat ek vashou. Geen weerstand. Geen lewe.

Bitter trane brand my oë. Daar is 'n ongenaakbare stilte waarsy hart met oorvloed vir baie jare nog moes klop.

Ek treur. Treur vir my broer, my beste vriend. Ons kinderdaedrome het vinnig 'n realiteit geword. Ons verlore naïwiteit het in chaos gesterf.

Ek onthou die uitgerekte somervakansies. Ek en Tucker het ons erf met 'n oorlogsveld vergelyk. Die klimraam was ons skuiling en fietsryhelms was beskerming. Met speel-speel gewere het ons die vyand, Ollie die Schnauzer, fyn dopgehou.

Kaalvoet het ons om die huis gesluip, want skoene was die laaste ding waaraan soldate gedink het. Mamma het gekla oor ons modderpote wat die silwerskoon vloer besmeer het. Ons het vir ure in die bad gestoei om die bruin uit my kleutervoetjies te skrop.

Vir jare, het ek geweet dit is my ware passie. Argumente oor wat ek met my toekoms gaan doen. My pa se magtelose opsies. My ma se rou. *Niemand* verstaan nie. Niemand verstaan hoekom 'n man só keuse maak nie.

Ons het gekyk hoe die Suidelike Toring van die World Trade Centre in duie stort. Ek en Tucker het na mekaar in die Wiskunde klas gedraai. 'n Stille ooreenkoms het tussen ons gaan lê. *Ons maak die regte keuse. Die kaalvoet soldate van ons kinderdae kry wat hulle wil hê.*

Nou kyk ek na nog 'n al-Qaeda-slagoffer. Tucker is net 'n syfer vir die wêreld. Statistiek vir die geskiedenisboeke.

Ek word deur iemand terug in die werklikheid geruk. Daar is nie nou tyd vir tjank nie.  
Met daardie gedagte tel ek weer my wapen op. Die hel binne-in my breek los.  
*Iemand* moet ons droom voltooi. Ek fokus nie op die lewenslose oë wat aan die  
onderkant van die sloot vir my terugstaar nie.

*Die kaalvoet soldate van ons kinderdae kry wat hulle wil hê.  
Of hoe?*